View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)



# DIE SOLIDARISTIESE, REPRESENTATIEWE TEORIE VAN DIE VERSOENING.

Ons het hier te doen met die leer van die plaasbekledende genoegdoening van Christus, die satisfactio vicaria. In Art. 20 van die Nedl. Geloofsbelydenis lees ons dat Christus in die menslike natuur gekom het „om te voldoen en te dra die straf van die sondes deur sy bittere lyde en sterwe". Art. 11 van die Tweede Helvetiese Konfessie vat dit kernagtig saam: „Deur sy lyde en sterwe en in die algemeen deur alles wat onse Here sedert sy koms in die vlees om ons ontwil gedoen en gedra het, het onse Here die hemelse Vader met alle gelowiges versoen, die sonde versoen, die dood ontwapen, verdoemenis en hel gebreek en deur sy opstanding uit die dode die lewe en die onsterflikheid teruggebring en herstel".

Alle konfessionele uitsprake op Gereformeerde gebied spreek van die offer van Christus, van sy plaasbekledende genoegdoening, van die genade, geregtigheid en heiligheid, wat deur Hom alleen verwerf is. Orals klink die toon van dankbaarheid en verwondering deur oor die groot wonder van die goddelike genade in Christus, waardeur ons skuld betaal, die verdoemenis weggeneem en volkome geregtigheid verwerf is.

Calvyn het die leerstuk van die versoening van so groot belang geag dat hy 'n aparte hoofstuk (II, 18) in sy **Institusie** daaroor opgeneem het. In II, 18, 3 lees ons: „As Christus vir ons sondes genoegdoening gegee het, as Hy die straf wat ons verdien het, gedra en deur sy gehoorsaamheid God versoen het, en ten slotte, as Hy as die Regverdige vir onregverdiges gely het, dan is deur sy geregtigheid die saligheid vir ons verwerf, en dit is van dieselfde krag as 'n verdienste".

In Rom. 5:10, 11 sê Paulus: „Ons is met God versoen deur die dood van sy Seun deur wie ons die versoening verkry het".

Die gehoorsaamheid van Christus is nie alleen 'n satisfactio, dit is satisfactio vicaria.

Eintlik lê daar in alle soenoffers die idee van plaasvervanging opgesluit. Dit stel in die plek van die offeraar, wat die toorn van God verdien het, iets anders wat Hom weer gunstig kan stem. Teen hierdie satisfactio vicaria is daar gewigtige besware ingebring waarop ons later sal wys.

Ons moet daarop wys hoe die versoening in die O.T. tot stand gekom het. Bavinck gee ons die volgende beskrywing: „De verzoening kwam aldus tot stand: door de handoplegging droeg de offeraar zijn zonde op het dier over; wel wordt dit dikwerf ontkend, maar ten onrechte; handoplegging sluit in die Schrift altijd eenige overdracht in, van zegen, Gen. 48:13, vloek Lev. 24:14, ambt, Num. 78:18, den H. Geest, Hand. 8:17" (**Geref. Dogmatiek III**[3] 359).

Nou maak die N.T. baie duidelik die onderskeiding tussen **voldoening** en versoening in en deur die offer van Christus. Maar hierdie onderskeiding lei nooit tot 'n skeiding nie. „Als er voldoening is aan het recht Gods, komt noodwendig er als van zelf de verzoening tot stand. De voldoening ligt besloten in het woord rantsoen of losgeld en losprijs dat betaald moet worden" (Dr. A. Kuyper jnr. in die Chr. Enc. V. 593).

Christus is 'n versoening (expiatio) vir ons sondes, 1 Joh. 2:2. God het in Christus die wêreld met Homself versoen deur hulle hul misdade nie toe te reken nie, 2 Kor. 5:19. Baie duidelik vind ons dit in Gal. 3:13: Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word.

Hierdie suiwere Skriftuurlike leer van die versoening het helaas! veragter. Dr. Warfield sê dan ook tereg: „Probably the majority of those who hold the public ear have definitely broken with the doctrine of substitutive atonement". En prof. Louis Berkof sê: „The doctrine of vicarious atonement is in discredit today" (**Vicarious Atonement through Christ**, p. 17).

Die grondwaarheid van die Gereformeerde belydenis is, dat daar sonder voldoening geen versoening tussen God en mens tot stand kom nie. Hier kom ons in botsing met die solidaristiese, representatiewe teorie van die versoening. By hierdie rigting staan die liefde van God op die voorgrond. Hulle preek eensydig die liefde van God. Die liefde van God is so groot dat Hy Hom met die sondaar versoen as die sondaar maar net glo en hom bekeer. Die geloof en die bekering van die mens se kant is dan voldoende om die toorn van God te stil, Hom van sy vyandskap te laat afsien en Hom in vrede met die mens te laat lewe. Maar die Heilige Skrif stel nog steeds die eis van voldoening aan die reg van God op die voorgrond en laat ons die versoening as 'n gevolg en vrug daarvan sien. Tereg merk dr. Warfield op: „We are getting more closely to the real characteristic of modern theories of the atonement when we note there is a strong tendency observable all around us to rest the forgiveness of sins solely on repentance as its ground" (Studies in Theology, p. 289). Die konflik oor die versoening het dus baie akuut in ons tyd geword. Dit word deur vele wel toegestem dat Jesus gely het, dat Hy onder haat en sonde moes worstel. Maar dat daar 'n regsgeding gaande was tussen Jesus en God, word met nadruk deur vele ontken. God het in Christus se kruis sy vergewende liefde getoon, hierdie tema word deur byna alle teoloë oorgeneem; maar dat daar betaal moes word, dat Jesus die reële toorn van God plaasvervangend moes ondergaan volgens die reg van God, dit neem vele nie aan nie, omdat dit dan geweld doen aan die onbegryplike liefde van God.

Ons kry dit reeds by **Gustav Aulén** in sy boek **De Christelijke Verzoeningsgedachte.** Volgens Aulén het Christus die duiwel onttroon en ons aan sy mag ontruk deur oorreding.

Hierdie bevryding is nou tegelykertyd versoening. God versoen die mens deur hierdie bevryding. Omdat die mens deur eie skuld in die mag van die verderf gekom het, word hierdie skuld deur-

breek en so word God versoen. Die verhouding tussen God en mens is nou nie langer verstoor nie. Aulén vind in die grondmotief van die oorwinning van satan die werk van die versoening van Christus suiwer weergegee. Hier is dit God wat dit alleen doen. Hier word met geen woord gerep dat die mens nog iets moet ly of doen nie.

In hierdie gedagte van Aulén is daar in sover 'n waarheidselement dat Christus inderdaad die duiwel, die dood en die sonde oorwin het, Hebr. 2:14, 15, dog hierdie bevryding is nog geen versoening nie. Die bevryding uit die mag van satan is 'n **gevolg** van die versoening.

Ook **Ritschl** het die liefde van God op die voorgrond gestel. Die toorn van God rus nie werklik op die mens nie. Dit lyk alleen so vir sy gevoel, wanneer hy nog geen vrede gevind het nie. Daar is geen werklike versoening nodig nie, alleen hulle wat hulle verhard teen die evangelie sal Gods toorn ervaar. Christus kom die mens met sy skuldgevoel verkondig dat hierdie skuldbewussyn die gemeenskap met God nie werklik behoef te stoor nie. God wil die sonde verbysien en genadiglik vergewe. Die vergewing rus dus nie in die versoening nie, maar alleen in Gods liefde wat gepreek word, waardeur die sondaar sy wantroue teenoor God leer aflê. Die versoening voltrek hom hier in die mens self in die verandering van sy gesindheid, van sy visie op God. Maar hoe word Christus se kruis hier misken! Skuld word by Ritschl tot 'n menslike misverstand. Die swaarte van die sonde word hier nie in aanmerking geneem nie. Die reg van God word hier opsy geskuiwe. 'n Regter sit tog nie as regter om liefde te toon nie, maar om reg te spreek. Ons het geen reg om die liefde van God te kontrasteer met sy geregtigheid nie.

'n Besondere voorstander van die solidaristiese, representatiewe teorie van die versoening is **dr. F. W. A. Korff.** In die tweede deel van sy boek oor die **Christologie** wys hy die gedagte van 'n toerekening van ons skuld aan Christus van die hand. Die vergewing van die sonde is ook nie onlosmaaklik gebind aan die kruis nie. Reeds vóór die kruislyde vergeef Jesus die sondes van die mense en dit staan los van die kruis. Die kruis van Christus is egter noodsaaklik, omdat dit die diepe verdorwenheid van die mense blootlê. Deur Jesus te kruisig blyk die sonde egter vyandskap teen God te wees. „Christus heeft door Zijn leven en definitief door Zijn overgave in den dood de overwinning van de macht der zonde en de uitdelging van de schuld der zonde teweeggebracht, op grond van welke beide de verzoening van den enkeling plaats grijpt" (**Christologie II** p. 209).

Maar daar is geen sprake van 'n spesiale bestraffing wat van Godsweë oor Christus kom nie. As Jesus sy hoof buig onder die sterwe en onder die sonde hou Hy aan God en die mense vas. So oorwin Hy. So oorwin Christus die mag van die sonde en satan. Van Gods straffende geregtigheid is hier geen sprake nie. Jesus dek die sonde toe met sy vergewende liefde. God toon hier dat Hy erns maak met die sonde en sy eer onverkort handhaaf.

Dr. Korff beweer dat daar nêrens in die evangelie gesê word dat God versoen word nie. Ons word versoen, nie God nie. Nou is dit wel waar dat Jesus deur sy oorgawe in die dood die uitdelging van die skuld van die sonde teweeggebring het. Maar ons stuit hier op 'n groot leemte, nl. die gebrek aan 'n plaasvervangende lyde om ons en vir ons. Kernagtig druk ds. Toornvliet dit uit: „Hier wordt om de diepte van het lijden en het hart der verzoening heengecirkeld zonder dat men doorstoot tot de kern" (**Het Dogma der Kerk,** p. 386). Hier word die toorn van God genegeer. Die toorn van God tog is 'n verbolgenheid wat hom rig teen die sonde van die ganse menslike geslag (Heid. **Kat.** Vr. 37). Gods geregtigheid is dié deug, waardeur Hy nie kan duld dat Hy deur sy skepsele as God misken of onteer word nie. Daarom bestaan die satisfactio vicaria daarin dat Christus as borg en hoof in dié verhouding tot God, tot sy toorn, sy geregtigheid gaan staan het. Hy is vir die mensheid, wat Hom tot versoening gegee is, tot sonde gemaak. Hy het vir ons tot 'n vloek geword en het ons skuld en straf op Hom geneem (**H. Kat. Vr.** 39).

Dit is God wat van die begin tot die end die versoeningswerk dra. Hy gee self die offer, wat ons nie kon bring nie. In die nag van Golgota handhaaf en openbaar God Homself as die suiwere liefde wat Homself gee. God bewys egter sy liefde teenoor ons, deurdat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:9).

Dieselfde God wat **liefde** is, kom in sy openbaring van liefde ook tot ons as **geregtigheid.** Gods liefde is tegelykertyd sy heilige selfrespek. Wie Gods liefde misken deur alleen sy geregtigheid te erken, rebelleer teen Hom, maar wie sy geregtigheid nie suiwer bely nie, breek die ruggegraat van sy liefde (**Het Dogma der Kerk,** p. 388).

Gods geregtigheid mag dan ook nie agtergestel word by sy liefde en sy liefde mag nie verdring word deur sy geregtigheid nie.

As mens ons Gereformeerde belydenis wil verwyt dat dit al te juridies spreek van die reg van God, dan moet mens hierdie verwyt tot die God van die Openbaring bring.

**Prof. A. M. Brouwer** ontken in sy boek **Verzoening** dat daar sprake is van plaasvervanging. Hier word, sê hy, alleen die solidariteit van die Kneg van die Here met die sondaars openbaar. Die gedagte van plaasvervanging vind hy te goedkoop. Dan bly Christus eindelik te veel van ons apart staan. Dus geen plaasvervanging nie, maar solidariteit van Christus met ons. Kyk sy boek **Verzoening,** p. 264, 265.

Prof. Brouwer vra dan ook: „Hoe kunnen wij het rijmen met Gods liefde dat Hij zulk een plaasbekleedend lijden noodig zou achten? Hoe met Zijne rechtvaardigheid dat Hij een ander laat lijden, en daarmee genoegen neemt om den schuldige vrij uit te laten gaan?" (**Verzoening,** p. 10). In die opvatting van prof. Brouwer is daar heelwat waarheid. Dit is waar dat Christus juis met ons bestaan in die vleeswording saamgegroei het en dat God ons altyd saam sien. Hy sien ons altyd in Christus. As ons by die kruis van Christus staan,

dan staan ons by ons eie kruis. Daarom kon Paulus dan ook skrywe: „Ek is met Christus gekruisig" (Gal. 2:19). Ja, ons mag sê: as Christus vir ons almal sterf, beteken dit dat ons almal gesterf het, en wel met die dood waarmee Christus gesterf het (2 Kor. 5:14-21). Christus is tot sonde gemaak vir ons (2 Kor. 5:21), Hy het 'n vloek vir ons geword (Gal. 3:13). Hierin word die solidariteit van Christus met ons as sondaars openbaar.

Nou kom ons tot die groot fout van prof. Brouwer. Hy vat die plaasbekleding op as die optrede van die een indiwidu in die plek van die ander. Die plaasbekleding het sy grond in die solidêre organiese verband, waarin dit die Here behaag het om ons menslike geslag te skep. Deur hierdie verband het Adam plaasbekledend vir ons die ewige verdoemenis verwerf, en kragtens hierdie selfde verband het die tweede Adam plaasbekledend vir ons die ewige geregtigheid kan verwerf. „Deze plaatsbekleeding" sê dr. A. Kuyper, wortelt derhalve in het feit dat ons menschelijk geslacht niet een aggregaat is van op zich zelf staande substantiën, maar een organisme, waarvan de leden in levensverband met elkander staan, uit één wortel opkomen en onder één hoofd saamgevat zijn en wel zoo, dat ook de zedelijke verantwoordelijkheid niet per individu rekent, maar begint met solidair voor allen saam te gelden en eerst uit den bodem van deze solidaire verantwoordelijkheid de persoonlijke verantwoordelijkheid voor elk afzonderlijk mensch doet opkomen. Deze solidaire verantwoordelijkheid geldt voor alle deelen van het organisme" (**Dict. Dogm., Loc. de Christo,** Cap. 5 p. 100). Christus het hoof van die mensheid geword, Hy reken vir ons hele geslag. In hierdie wording van die tweede Adam as ons verbondshoof lê also die grond van sy plaasbekleding.

In verband met die plaasbekleding van Christus word teenswoordig die vraag gestel of mens mag sê dat God die **losgeld** vir ons ontvang, of ons God mag sien as die objek van die versoening, m.a.w. of die offer gebring word om Hom in sy toorn te versoen. Prof. Korff sê: nee, die versoening gaan van God uit. Ons word versoen en nie God nie. Hier antwoord die Gereformeerdes: Hierdie versoening wat van God uitgaan, geskied in die weg van die reg en rig hom tog weer op God. God versoen die wêreld **met Homself** (2 Kor. 5:19). God word versoen. In Ef. 5:2 word Christus se lyde 'n offergawe en slagoffer genoem, tot 'n lieflike geur. Die offer is aan die Here gebring en Hy het hierdie volkome offer met sy Amen aanvaar.

Niemand van die solidaristiese, representatiewe teorie van die versoening ontken dat in die Nuwe Testament Christus se lyde en sterwe in offerterme, ontleen aan die Ou Testament, geteken word nie, maar die kerk het dit tog volgens hulle altyd verkeerd geïnterpreteer. Die O.T. gee dan geen beskouing oor die offer nie, maar dis in elk geval tog duidelik dat die idee van plaasvervanging hier heeltemal ontbreek.

Die **handoplegging** sluit dan geen oordrag van skuld in nie. Volgens **Ryder Smith** moet dit vergelyk word met wat in Lev. 24.14 van die steniging van

'n godslasteraar geskrywe staan: almal wat die vloeker gehoor het moet die hande op sy hoof lê. Dit bedui dan soveel as: ek beken dat ek hom hoor laster het. So beteken die handoplegging op die offerdier niks anders as: Dit is my offer. Wanneer die Hoëpriester op die groot Versoendag die hande op die sondebok lê, beteken dit dan slegs: Ek bely hier die sondes van my volk (C. Ryder Smith: **The Bible Doctrine of Salvation** (p. 103, 104).

Volgens Brouwer is dit 'n oorbring van die intensie van die offeraar op die offerdier, dit is geen oordrag van skuld nie. Wie aan die bloed wat deur die Hoëpriester uitgegiet is, satisfaksiewaarde toeken, ook op grond van Lev. 17:11, gaan van 'n verouderde, van 'n onhoudbare **etnologiese** offerteorie uit.

Die Paaslam was geen sondoffer nie. Dit is voor die fees geslag, en aan enige plaasvervanging is nie gedenk nie (Ryder Smith p. 90, 259). Hierdie hele teorie struikel op die feit dat alleen die ligtere sondes deur die offers versoen is (Brouwer: **Verzoening** p. 134). Dit was dan die groot fout van die kerk dat dit aan die offer 'n versoenende en toornstillende krag toegeskrywe het. Hierdie konsepsie immers was heidens. Die offers in die O.T. het immers alleen 'n **representatiewe** karakter gedra. Die droewige konsekwensies was dat mens 'n onetiese Godsopvatting begunstig het en aan Christus se representatiewe ministerie geen reg gedoen is nie (Vincent Taylor: **The Atonement in New Testament** Teaching, p. 189).

Ons sê: Die konsepsie dat daar aan die offers versoenende krag toegeskrywe is, is nie heidens nie. „De verzoening kwam aldus tot stand: door de handoplegging droeg de offeraar zijne zonde op het dier over; wel wordt dit dikwerf ontkend, maar ten onrechte; de handoplegging sluit in de Schrift altijd eenige overdracht in". (H. Bavinck: **Geref. Dogm. III**, 359). Tereg merk dr. A. Kuyper op dat die offerandes, as hulle in die geloof gebring word, 'n teken is van wat God die offeraar geskenk het (**Loc. de Christo, III**, p. 125).

Die vraag word in ons tyd weer gestel of die soenoffer van Christus by die Here 'n „Umstimmung", 'n verandering in gesindheid, van toorn in genade teweeg moet bring. As ons hieronder sou verstaan dat Christus God deur sy kruis moes vermurwe en Hom die vergewing moes ontwring, dan moet ons nee sê, want toe ons nog vyande was, was God reeds lank op weg na die kruis om versoening te skenk.

Die hele ou satisfaksieleer is volgens **Van Oyen** 'n redenering uit die regsbeskouing van 'n gesekulariseerde wêreld, wat 'n kontrakwêreld inbou in die verbondstelsel (H. van Oyen: **Liefde, Geregtigheid en Recht**, Nedl. T.T. 1946 — p. 27-41). Die groot fout van die satisfaksie-teorie is dan hierin geleë dat die spits van die lydensgeskiedenis op God gerig is. Christus se versoeningswerk is 'n prestasie voor God, wat die waarde gehad het van 'n voldoening aan sy geskonde eer of geregtigheid. Sonder hierdie voldoening kan God nou eenmaal nie vergewe nie (Korff: **Christologie** II).

Dit is 'n onbybelse gedagte, sê hulle, dat daar iets buite God om, ten behoewe van Hom sou moet geskied, wat Hom

gunstig sou moet stem. Dit is dan die grondfout in die juridiese satisfaksieleer, waarin God tot 'n lid van 'n regsgemeenskap gemaak word. Heelwat onetiese teorieë sou volgens Taylor dan ook uitgebly het, as hierdie dinge beter verstaan was. Taylor ag dit onbegryplik hoe mens ooit Christus kon sien as die plaasvervanger van ons, wat ons straf gedra het of as 'n kompensasie vir ons sondes geoffer is. Van 'n penale substitusie is daar in die N.T. nêrens sprake nie (Vincent Taylor: **Jesus and his Sacrifice** p. 39-48,; **The Atonement in New Testament Teaching,** p. 176).

Taylor verklaar dat die mees treffende trek van die Nuwe Testamentiese leer van die representatiewe werk van Christus miskien wel daarin bestaan, dat dit so vlak by die leer van die plaasvervangende genoegdoening kom. Christus se werk is byna, maar tog ook weer nie heeltemal plaasvervangend nie. Dit is nie korrek om te sê dat Christus handel in ons plek nie, maar ook nog inadekwaat om te sê dat dit geskied ten behoewe van ons. Sy werk is 'n representatiewe offer, waarby elke gedagte aan versoening in die sin van straflyde as buitechristelik moet uitgesluit bly (Taylor: **The Atonement** p. 197, 198).

Daar sit volgens Korff wel 'n waarheidskern in die ou Gereformeerde teorie. Ook in die N.T. volbring die genade die eis van die reg. Ook daar vergeef God nie so maar nie. Die eis van die reg moet in elk geval vervul word. Ons moet ander mense word. Die genade vervul die eis van die reg. Maar ons moet dit goed verstaan: dit volbring dié eis agteraf. Die genade het in die N.T. die hoogste woord, dit tree in die plek van die regsorde, en kyk, agteraf blyk dit dan dat juis so, deur die genade en op die manier van die genade, aan die regseis voldaan is (Korff: **Christologie** II, p. 195, 196).

Daar is verskil onder hierdie kritici, maar hulle het tog daarin hulle eenheid, dat hulle „die onskriftuurlike leer van die plaasbekledende genoegdoening" deur 'n solidaristiese, reparatoriese leer wil vervang. **Bolkestein** het dan ook reeds die voorstel gedoen om uitdrukkings soos „God word versoen", „sy toorn stil", „genoegdoening", „verdienste" deur meer skriftuurlike te vervang (M. H. Bolkestein: **De Verzoening,** p. 108).

Nou kom **Jes.** 53 aan die beurt. In Jes. 53 het die kerk ten onregte gemeen dat daar die plaasvervanging van Christus besing word. Maar hier is geen oordrag van skuld en straf nie. Hier word 'n ontroerende lofsang gegee op die solidariteit waarin Christus Hom met sy volk gestel het. Hier word 'n heeltemal ander werklikheid geponeer as die Levitiese offer. Die Levitiese offer is 'n rituele offer wat wortel in 'n dinamiese handeling, wat oorspronklik gedien het om teëstroom te gee.

Die misterie van Jes. 53 is die misterie van die liefde van iemand, wat die lyde van andere vir hom aanvaar om daarin die gevolge van hul oortredinge te dra en daardeur aan hulle genesing en vrede te bring. **Van 'n plaasbekledende straflyde is hier nêrens sprake nie** (Ryder Smith: **The Bible Doctrine of** Salvation p 69 v.v.; Vincent Taylor:

Jesus and his Sacrifice, p. 39-48). Ons kritiek hoef hier nie lank te wees nie. Jes. 53 is volgens die baie aanhalings in die N.T. soos Matt. 8:17; Mark. 15:28; Luk. 22:37; Joh. 12:38; Hand. 8:32; Rom. 10:16; 1 Kor. 15:3; Hebr. 9:28 en 1 Petr. 2:22-25, van fundamentele betekenis. Die solidaristiese verklaring doen aan hierdie kruisliriek geen reg nie. Jesus is verbrysel ter wille van ons ongeregtighede en die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom (vs. 5). Volgens Delitzsch kan die idee van plaasvervangende straf in Hebreeus nie skerper uitgedruk word as in hierdie woorde geskied. Verder staan in vs. 6: „Die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom". Hier word die vasstaande uitdrukking in die O.T. gebesig om die oordrag van skuld van die offeraar op die offer aan te gee. Sy siel word volgens vs. 10 as 'n skuldoffer aangebied, waarin die gedagte van voldoening aan die geskonde reg opgesluit lê. Hier word die plaasbekledende genoegdoening weer duidelik aangegee. Die elfde vers spreek van die dra van hulle skuld, terwyl die twaalfde vers daarvan getuig dat Hy die sonde van baie gedra het.

Ons kry nou die felle kritiek in hierdie Protestantse kamp. Hulle beweer verder dat die Reformasie die interpretasie van Christus se versoeningswerk oorgeneem het van die Roomse Kerk, en nie ondersoek het of die begrippe satisfaksie en meritum wel geskik was om hierdie werk van Christus te kwalifiseer nie (Korff: Christologie II, p. 202). Altwee begrippe het die Roomse Kerk nie aan die Bybel nie maar aan die boetepraktyk van die kerk ontleen en van daaruit oorgebring en toegepas op die werk van Christus. Die werk van Christus is dan op eg Roomse wyse geïnterpreteer na die eie werk van die kerk.

Die terme satisfaksie en verdienste is, soos dit ontleen is aan die Roomse boetepraktyk, nie uitermate ongeskik om die werk van Christus te omskrywe nie. Het Luther dit self nie ingesien en openlik uitgespreek nie? Die kritiek van die Reformatore raak alleen hierdie terme in Roomse sin as aanduiding van 'n prestasie van ons, maar Luther en Calvyn het hierdie terme graag en steeds gebesig vir die werk van Christus. Hulle vind altwee terme geskik om uit te druk dat Christus ten volle aan Gods geregtigheid voldoen en metterdaad vir ons versoening verwerf het. Hulle het dit gesien as 'n treffende weergawe van die Skrifopenbaring. Nie vanuit die Roomse boetepraktyk nie, wat hulle vervloek het as eerroof aan Christus gepleeg, maar vanuit Gods Woord moet hierdie reformatoriese gebruik van hierdie terme beoordeel word.

Verder is die hele konstruksie van Aulén, wat deur Korff en andere oorgeneem is, 'n duidelike mistekening.

Die voorstanders van die solidaristiese, representatiewe opvatting van die versoening het groot nadruk gelê op die feit dat nêrens in die Skrif God as objek van die versoening voorgestel word nie. Hulle onderstreep in hulle geskrifte telkens weer die stelling dat die Skrif nooit leer dat Christus God met ons moet versoen nie. Wie egter iets van die geskiedenis ken, weet dat die bely-

ders van die plaasbekledende genoegdoening hierdie waarheid steeds ten volle erken het. Calvyn en ons Konfessie het dit ten volle erken. Turretinus het hierdie waarheid met nadruk gehandhaaf in sy beroemde disputasies oor die satisfaksie.

In die felle stryd teen Ritschl, Robertson e.a. het die Skotse teoloë hierdie Skrifwaarheid steeds kragtig onderstreep en hierdie aantyging met verontwaardiging afgewys. (W. Cunningham: **Historical Theology II**, p. 271, 272). Ook deur Dale word hierdie werklikheid by die eksegese van 1 Joh. 2:2 op voortreflike wyse uitgewerk (R. W. Dale: **The Atonement** p. 161 v.v.). Brunner merk dan ook tereg op dat elke gedagte asof God „omgestemd" moes word 'n karikatuur is van wat deur die groot leraars van die kerk bely is (E. Brunner: **Der Mitler** p. 397).

Hulle was egter op hulle hoede vir elke eensydigheid en het hier die volle Skrifopenbaring deurgegee. Hulle het die kruis van Christus nie alleen gesien as openbaring van Gods liefde nie, maar tegelyk as openbaring van sy heiligheid en geregtigheid, van sy toorn en gerig.

Hier lê **die groot leemte** in die solidaristiese, representatiewe opvatting van Christus se versoeningswerk. Hierdie opvatting kan alleen gebore word in 'n tyd waarin vele vir die geweldige werklikheid van Gods heiligheid, geregtigheid en toorn geen oog meer gehad het nie. Tereg merk dr. Warfield op: „Surely it is only where the sense of the power of sin has profoundly decayed, that men can fancy that they can at will cast it off from them in a **revolutionary repentance**" (B. B. Warfield: **Studies in Theology**, p. 297).

Eeue lank, so merk Lütgert op, het hulle onderskeid gemaak tussen versoening en verlossing. Die eerste was 'n objektiewe gebeure tussen God en Christus, die tweede 'n belewing van die Christelike bewussyn (W. Lütgert: **Der Erlösungsgedanke in der neueren Theologie**, p. 10). Onder invloed van Kant en Schleiermacher het die eerste (nl. versoening) 'n onkenbare geheim geword, 'n onbekende land Op die tweede (nl. verlossing) is alle nadruk gelê. Dan kom Ritschl, wat die **objektiewe** versoening omsmelt in 'n **subjektiewe**, waarin aan Christus se dood en selfoorgawe alleen 'n subjektiewe betekenis vir ons bewussyn toegeskrywe word. Daardeur raak ons die verkeerde opvatting oor 'n toornende God kwyt en durf weer in sy liefde glo. Toe het daar 'n geslag opgegroei, wat met die subjektiewe visie volkome vrede gehad het. Die toorn van God word nie meer gevoel, die gevoel van volstrekte doemwaardigheid nie meer deurleef nie. Die erfsonde speel in hulle bestaan geen rol nie. Die duiwel met sy demonemag maak op hulle geen indruk meer nie (Hans Wegmann: Erlösung, p. 7, v.v.).

Op aangrypende wyse word hierdie totale afwyking van die Skrifopenbaring self by Korff openbaar, wanneer hy met instemming die woord van A. von Harnack aanhaal, dat dit die afgryslike voorreg van God sou wees om nie so te kan vergewe nie (Korff: **Christologie II**, p. 197).

Vir 'n geslag wat die Bybelse prediking van skuld, ewige verdoemenis,

vlammende toorn van God en van die rook van pyniging, wat tot in ewigheid opgaan, verloor en die gedagte van die liefde, vergewing en verlossing alleen behou het, pas 'n solidaristiese, representatiewe versoeningsleer. Alleen die slap verburgerlikte denke wat met die Verligting begin het en vir die majesteit van die reg van God geen oog meer gehad het nie, kan die kruis van Christus nie langer sien as 'n gerigsaksie nie, maar slegs as 'n openbaring van liefde. Hulle begryp dit nie dat hulle daarmee alle eiendomlike trekke van die Skrifopenbaring oor God verloor het en slegs, ondanks alle vroomheid oor Gods liefde, 'n afgod van louter willekeur oorgehou het, wie se toorn eintlik 'n ongepaste antropmorfisme is en wie se liefde met die strenge eise van eiegeregtigheid tred hou (E. Gaugler: Der Brief an die Römer I, p. 46, 86 v.v.).

Die Reformatore het nooit daaraan gedink om Gods heiligheid te laat ondergaan in sy liefde nie. Hulle was te goed vertroud om, soos Ritschl gedoen het, 'n streep te trek deur die Bybelse leer van die straffende geregtigheid van God en die toorn van die Here óm te smelt in menslike dwaling en misverstand en subjektiewe gevoelens (P. J. Kromsigt: De Verzoening, p. 54 v.v.).

In die versoening gaan die aksie van God uit.

In Rom. 3:25 sê Paulus: „Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys". God self is nie die objek van die versoening nie, maar ons sondes. Hy alleen het inisiatief. Christus word hier voorgestel as soenmiddel, wat nou saamhang met die offer in sy bloed. Dit geld alleen deur die geloof, alleen vir hulle wat Hom deur die geloof aanvaar het. Hierdie soenmiddel bevry van die toorn van God.

In Paulus se betoog in Rom. 3:21-26 word die dood van Christus ons voorgestel as so 'n openbaring van Gods geregtigheid en 'n sodanige versoening dat almal wat daarin glo, van die dreigende verdoemenis deur Gods toorn bevry is. Sterker kan die plaasbekledende versoening nie gepreek word nie (R. W. Dale: The Atonement, p. 225-249). Die merkwaardige is dat Paulus vir geen oomblik hier enige konflik sien tussen Gods liefde en geregtigheid nie.

God self gee sy Seun tot 'n soenoffer vir die sondes, waardeur sy toorn afgewend word en die oordeel weggeneem word. „Hierin is die liefde; nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het tot 'n versoening (hilasmos) vir ons sondes" (1 Joh. 4:10). Die teenstelling tussen liefde en satisfaksie vind ons nie hier nie. God gee Christus tot 'n soenmiddel om self regverdig te blyk. So baan die geregtigheid self die weg om die goddelose uit genade te regverdig en die genade, waaruit ons geregverdig word, realiseer hom in die weg van reg en geregtigheid. (Bavinck: Geref. Dogmatiek III³, p. 406).

Wie die eksegese van die belangrike plekke, 1 Joh. 4:10 en Rom. 3:25 v.v., nagaan by die voorstanders van die solidaristiese, representatiewe teorie, sien dadelik dat aan hierdie openbaring van God geen reg gedoen word nie. Die

uiteensetting van Paulus pas nie in hulle sisteem nie (Vgl. Korff: **Christologie II**, p. 172 v.v.; Brouwer: **Verzoening** p. 25, 53, 117-119; Vincent Taylor: **The Atonement in New Testament Teaching**—p. 85, 88 v.v.).

Die voorstanders van die solidaristiese, representatiewe teorie van die versoening doen, te kort aan die plaasbekledende genoegdoening van Christus.

Ons eindig met die woorde van dr. A. D. R. Polman: „Wie aan Christus' plaatsbekledende genoegdoening te kort doet, verminkt de Schriftopenbaring" (**Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis**, II, bl. 352).

P. J. S. DE KLERK.

P.U. vir C.H.O.

---